**REEKS:** Hy word genoem

**TEMA:** Wonderbaar

## HOE VOEL JY OOR JOU NAAM?

"Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde groot gemaak; hulle is vrolik voor u aangesig soos iemand vrolik is in die oestyd, soos iemand juig as die buit verdeel word. Want die juk wat op hulle gedruk het, en die stok wat hulle rug getref het, die roede van hulle drywer, het U verbreek soos op die dag van Mídian. Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors …"
***Jesaja 9:1-3 en 5 (AFR53)***

## WONDERBAAR

1. **Wonderbaar is in duisternis.**

"Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn."
***Jesaja 9:1 (AFR53)***

"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."
***Johannes 1:4-5 (AFR53)***

"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my."
***Psalm 23:4 (AFR53)***

2. **Wonderbaar is ‘n geskenk.**

"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee …"
***Jesaja 9:5a (AFR53)***

3. **Wonderbaar is ‘n Kind.**

"Want 'n Kind is vir ons gebore …"
***Jesaja 9:5a (AFR53)***

"Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke!"
***Psalm 139:14a (AFR53)***

"Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel."
***Sefanja 3:17b (AFR53)***